## REDAKSIONEEL

### „Eenheid van die kerk"

In Suid-Afrika kom die vraagstuk van „kerkeenheid" van tyd tot tyd met groot geesdrif en argumentkrag na vore. Verlede jaar het 'n boek oor „Die Kerk" van prof. J. A. Heyns verskyn en na aanleiding van sy „erns" oor die kerkeenheid is daar ook 'n TV-bespreking oor die onderwerp gevoer. Daarin is ewe maklik die stelling gemaak: „Die kerklike verdeeldheid is sonde". Ek het gewonder hoeveel nagte iemand wat so 'n stelling maak al oor sy „sonde" wakker gelê het — of is dit min of meer geobjektiveerde sonde?

Is die drang na eenheid en nivellering van verskille nie ook dalk „sonde" nie?

Die magiese en dominerende krag van die begrip „eenheid" val 'n mens op. Ons Afrikaners het 'n lang koloniale verlede en ervaring met die universalisme van die Britse imperialisme agter die rug. Die idee van eenheid sit in ons leuse: *ex unitate vires.* Dit is natuurlik dat die neiging om universalisties en monisties oor die „kerk" te dink by ons sterk sal lewe. Gedurende die Middeleeue het in Wes-Europa die idee van een sigbare universele Roomse instituut deur intieme dialoog tussen biskop en keiser van die Roomse empire posgevat.

Tweedens val dit op dat in die drukte oor „eenheid van die kerk" min of meer vanselfsprekend aangeneem word dat die „kerk" nie verder as die Afrikaners sal verenig nie. Die motief van 'n Afrikaanse corpus christianum — of volkskerk — speel skynbaar 'n taamlike hoofrol.

Wanneer 'n mens die probleemstelling vir 'n oomblik krities bekyk, val dit op dat nie die *kerk* nie, maar die abstraksie *eenheid* die dominerende motief vorm. Die kerk is slegs 'n genitief in die geding. Die belange van die kerk wat die eenheid noop, word nie prominent aangedui nie. Inteendeel, die plurale kerke staan beskuldig dat hulle die eenheid skade doen. Trouens hulle bestaan is in die lig van „eenheid" summier *sonde,* 'n vergryp teen God!

*'n Mens wil van harte 'n vraagteken agter hierdie probleemstelling plaas. Gaan dit in die kerk (of in Babel) om die eenheid qua eenheid?*

In die kerklike dispuut neem die NHK die standpunt in dat die eenheid van die kerk apriories in die universele kerk, Christus en die Konfessie gegee is. Plurale kerkvorme is nie noodwendig „sonde" nie. Van NGK en GKSA kant word weer op die organisatoriese „eenheid" nadruk gelê en beweer dat die kerke organisatories „een" moet word.

### Kontradiksie by die GKSA ?

Is daar nie iets kontradiktories in die benadering van die GKSA nie? Ons glo en bely die apriorise eenheid in Christus en die universele kerk (art. 27 NGb). Hierdie eenheid word sigbaar in

die plaaslike kerk sodat die plaaslike kerk die universele kerk op daardie plek is (art. 28 NGb). Waar die kerk hom ooreenkomstig die Woord van God gedra, daar is die ware kerk (art. 29 NGb). Die pluraliteit van identiese kerke sluit dan met mekaar 'n ooreenkoms (Kerkorde).

Daardeur sal hulle wat reeds met mekaar een is (in Christus en universele kerk) mekaar help in die kerkregering, veral om die gegewe eenheid in gehoorsaamheid ten opsigte van leer en lewe te bewaar en te bou. Kort gesê: daar was in 1571 en daarna nie sprake van 'n „eenheid" of „kerk" wat uit 'n versameling van gemeentes (soos die kollegialiste wil) bestaan nie.. Trouens van 1619 tot 1816 was daar geen nasionale sinode nie — en tog was die plurale kerke een.

Opereer ons in die GKSA nie dikwels met die dualistiese kerkbegrip van die 19e eeu terwyl ons die „eenheid van gemeentes" net „kerkverband" en nie altyd „kerk" wil noem nie? Die vraag moet ons toestemmend beantwoord wanneer ons redeneer dat menslike organisasie die „eenheid van die kerk" nasionaal of ekumenies tot openbaring moet bring.

Om die probleem konkreet te stel: Geskied die kerkregering in klassis en sinodes omdat die kerke *een* is — of kom die „eenheid van die kerk" deur organisasie tot werklikheid in klassis of sinode sodat die „een kerk" alias sinode sui generis regeer (kollegialisme)?

Die Skrif leer dat *regering* maar een van die genadegawes van God aan die christene is (Rom. 12 : 8; 1 Kor. 12 : 28). Hoe kan ons die „eenheid van die kerk" laat opgaan in die *regering* (een klassis of sinode) — of meer realisties gesê *in die organisasie* van sinode, sodat dit die gerealiseerde „eenheid van die kerk" moet wees?

## J. Ridderbos oor „Eenheid, Een Heid-ens Probleem!", in verband met Joh. 17 : 21

In Geref. Weekblad van 25.11.77 skryf J. Ridderbos onder bostaande pakkende opskrif met die parodie dat die „eenheids"-probleem 'n *heidense* kan wees. Die artikel laat ons vra: Is die strewe na eenheid waardeur vrygemaakte gelowiges in Christus regte en verantwoordelikhede ter wille van eenvormigheid of „sinodale eenheid" of „kerkverband" moet prysgee, nie sonde nie? Is eenheid altyd die goeie en pluraliteit en diversifikasie altyd die slegte? Ridderbos sinspeel daarop dat die strewe na eenheid heidens van oorsprong kan wees.

Hy bevind dat die eis om eenheid op sterkte van Joh. 17 : 21 in Nederland selektief toegepas word. Hy kan moeilik dink dat die Here Jesus op die moment van hierdie gebed met allerlei onderskeidinge sou gewerk het wat eenheid met die een maar nie met 'n ander sou ingehou het nie.. Sou die Here Jesus eenheid met die Hervormdes maar nie met die Roomse bedoel het nie? Ons sou kon byvoeg: sou dit eenheid met Hervormdes en Roomse (soos die GKN beproef) maar nie met CGK, Vrygemaaktes, Geref. Gemeenten, Lutherse e.a. inhou nie?

Ridderbos gaan vervolgens in op die eksegese van Joh. 17 en verwys na Barret, Bultmann en Strathmann. Gewoonlik word net na vs. 21 verwys, terwyl Alland en Nestle aangetoon het dat die verse 'n deurlopende geheel vorm. Met deeglike eksegese toon die emeritus-professor aan dat hier positief die *eenheid tussen Vader en Gesondene* en negatief die eenheid waarbinne geen plek vir die seun van die verderf is nie, ter sprake is.

„Wij zijn gewend om Johannes 17 : 21 te citeren in het verband van die eenheid van organisatie". Dit wys hy af omdat Joh. 17 nie oor kerklike „establishments" nie, maar oor sending handel. Die wêreld het die eenheid met God gebreek (vgl. die proloog). Die herstel van eenheid met die éne God is sendingopdrag tot heerlikheid van die Sender, die Vader..

Ridderbos konkludeer dat „Joh. 17 spreekt veel meer over een confessionele eenheid (afweer van de zoon des verderfs) dan over een organisatorische eenheid; én Joh. 17 spreekt veel meer over een ethische eenheid (het eenzijn in het dienen ‚strictly analogous to the unity of the Father and the Sin' viz Barret) dan over een organisatorische eenheid". Gevolglik sê hy: „Want ik kan, zelfs niet op grond van gangbare exegese (Barret + Bultmann) geloven, dat Johannes 17 terecht in onze oecumenische discussies wordt aangehaald en gebruikt. De enige oikumeneé, die bedoeld kan zijn, is die van Lucas 4 : 5 en Hand. 17 : 31".

Die motief wat ook ons gangbare diskussie oor „kerkeenheid" beheers, is organisatories en te min op die wese van die kerk gerig. Die analoë eenheid tussen die deur Vader en die Seun bepaal die kerk deur eenheid met die Vader en Seun, geloof (art. 27 NGb).

Die vertrekpunt word vandag geneem in gehipostateerde en ideologiese „kerke" wat eenhede van gemeentes is — en die problematiek rondom die vraag of daar eenheid is in geloof, lewe, regering en liturgie onder die mense wat die kerk is, word ontduik. Dit lei tot 'n devaluasie van die kerk soos blyk uit die leuse „eenheid van die kerk". Die eenheid word ten koste van ander eienskappe geïsoleer en die geheel vanuit een van sy eienskappe bekyk. Die kerk is immers per definisie eenheid soos uit begrippe „gemeente" en „koinonia" blyk.

In die wêreld van die 20e eeu waar internasionalisme erfgenaam geword het van die eertydse Europese imperiale denke is „eenheid" 'n towerbegrip. Om die kerk as genitief by die towerwoord te voeg en die kerk daarmee te meet, dui op 'n gesekulariseerde kerkbegrip. Dit blyk veral wanneer die „eenheid van die kerk" in die organisatoriese gesoek word — die kerke wat mense „maak". Tegelyk aksentueer die aandag op die strukturele, die formele, die konstitusionele die vervlakking ten opsigte van die konfessionele, die geestelike en „eenheid" in leer en lewe genormeer deur die Woord en Gees, soos Calvyn die kerk uit die Skrif geken het.

## Koers

„Koers", tydskrif aan die PU vir CHO het die „Bulletin ter bevordering van Christelike Wetenskap" ingelyf om daarmee as groter

„Koers" rigtinggewende en wetenskaplike tydskrif te wees. Akademici van inrigtings vir hoër onderwys kan in Koers publiseer. Ses nommers, waarvan twee in Engels word per jaar beoog. Die jongste jaargang het in die teken van die Totius-jaar gestaan.

## Kongres oor Johannes Calvyn

Die Kerkhistoriese Genootskap van die NHK verdien lof vir die kongres op 10 en 11 Augustus verlede jaar oor Johannes Calvyn. Hulle het prof. dr. Helmuth Esser, hoof van die Reformiertes Seminar aan die Universiteit van Münster en moderator van die Reformierte Bund in Duitsland daarvoor oorgenooi. Verder het hulle prof. T. N. Hanekom (wat ongelukkig nie kon optree nie) en skrywer hiervan betrek.

Prof. Esser het gepraat oor *Calvyn se sosiale etiek* en die *Antropologie van Calvyn.* In die openingsrede het prof. A. D. Pont gewys dat Calvyn vanuit die 16e eeu juis in ons tyd met sy horisontale teologie weer nuwe aktualiteit kry. Ons moet by Calvyn 'n oog kry vir die teokrasie, die verbond van God en die Woord van God in elke aspek van kerk en samelewing. Die eer van God moet in die verhorisontaliseerde wêreld opklink.

Prof. F. J. van Zyl het gewys dat Calvyn *vanuit die ekumene* praat en doen. Die moderne ekumene is nie soos Calvyn kerksentries nie, maar kosmies-sentries. Calvyn stig geen nuwe kerk nie, maar rig die kerk nuut in. Sy erns om ten spyte van verskille Luther en Zwingli vas te hou en sy Consensus met Bullinger in 1547 oor die nagmaal, is dade van ekumeniese betekenis. Vir Calvyn is die waarheidsvraag die kern van die eenheidsvraag. In die WRK vandag is die klem van evangelisasie na humanisasie, politisering en sosialisering, van gehoorsaamheid aan die Woord na gehoorsaamheid aan die mens verskuiwe. In moderne ekumene gaan dit nie om „eenheid van die kerk" nie, maar om eenheid tussen mense van verskillende geloof.

Prof. B. J. Engelbrecht het gewys dat verkerkliking van die lewe voorkom wanneer die regering van Christus met kerklike dominering gelyk gestel word. Dit kom in 'n kerkstaat, volkskerk en staatskerk na vore. Die kernvraag wat Calvyn, Luther, Rome en die Anabaptiste besig gehou het, was: hoe en langs watter weg word die regering van Christus (sy ryk) konkreet? Luther het die ryk van Christus met sy wette radikaal geskei van die ryk van die wêreld met sy wette en middele. Teenoor hierdie dualisme het Calvyn van skepping, herskepping en die Wet van God uitgegaan. Hy kon die Anabaptiste toestem dat die ryk van Christus gerealiseer word, waar die lewe geheilig word, maar hy het hulle bestry wanneer hulle die evangelie nova lex wou maak. Calvyn aanvaar dat die burgerlike owerhede naas die kerklike geroepe is om kragtens eie roeping op eie terrein te ywer vir die eer van God. Die staat en die kerk is primêr daar ter wille van die volk wat God moet eer.

Die kongres is deur enkele teoloë van buite die NHK bygewoon. Tog het die lesings van prof. Esser slegs studente van die een Fakulteit teologie aan UP getrek. Onwillekeurig vra 'n mens

dan of ons in ons teologisering primêr deur eie identiteit of ter wille van die saak gemotiveer word. Dit is duidelik dat die Kerkhistoriese Genootskap van die NHK Calvyn „ekumenies" wou aanbied en daarom verdien hulle voorbeeld en poging ons waardering.

## Gelukwensing

Professore I. J. van der Walt (Sendingwetenskap) en M. A. Kruger (Nuwe Testamentiese vakke) word die seën van die Here toegebid by hulle diensaanvaarding onderskeidelik aan die Teologiese Skole te Potchefstroom en Hammanskraal.